

## HOOFSTUK 2

### DIE SELFBEELD VAN DIE LEERGESTREMDE LEERDER

#### 2.1 INLEIDING

Elke leerder beskik oor 'n selfbeeld wat gevorm word deur sy interaksie met sy wêreld. Deur ervarings en terugvoer vanuit sy omgewing maak die leerder evaluasies van sy leefwêreld, asook van homself as funksionerende individu. Hierdie self-evaluasies beïnvloed die leerder se siening van homself, nl. sy selfbeeld, wat dan positief of negatief van aard kan wees.

In die praktyk het dit onder die aandag gekom dat leergestremde leerders wat blootgestel word aan herhaalde mislukkings, dikwels negatiewe self-evaluasies maak. Hierdie evaluasies gee dan aanleiding daartoe dat die leerder 'n negatiewe beeld vorm oor sy vermoë en funksionering in sy wêreld. Dit is egter nie die einde van die dilemma nie, aangesien 'n leerder optree in ooreenstemming met sy selfbeeld. Sy selfbeeld beïnvloed ook die leerder se waaghouding en motivering tot verdere prestasie, asook vele ander aspekte van sy lewe.

Om voldoende aandag aan die leergestremde leerder se selfbeeld te gee en 'n toereikende terapie te beplan, is dit nodig om die volgende areas te ondersoek:

- Die leerder se ontwikkeling en die wyse waarop hy leer en inligting versamel.
- Selfbeeld en hoe dit gevorm word.
- Die verband tussen selfbeeld en selfkonsep.
- Die profiel van 'n individu met 'n ontoereikende of negatiewe selfbeeld.
- Die beïnvloeding van die selfbeeld deur leergestremdheid.
- Die beïnvloeding of verandering van selfbeeld.

Alvorens die ontwikkeling van die leerder se selfbeeld begryp kan word, is dit nodig om ondersoek in te stel na die leerder se algehele ontwikkeling en die wyse waarop hy leer en inligting versamel.

## 2.2 ONTWIKKELING VAN DIE LEERDER

Om ten volle te verstaan hoe die leerder se selfbeeld ontwikkel, is dit nodig om te verstaan hoe hy as organisme ontwikkel. Begrip is nodig rakende die wyse waarop die leerder inligting versamel en sy eie maak, asook hoe hy beïnvloed word deur sy interaksie met sy omgewing.

Ontwikkeling dui op die veranderinge wat die leerder ondergaan, hetsy fisies, kognitief of sosiaal. Sommige veranderinge is geneties gepredisponeerd nl. dat 'n leerder se lengte sal vermeerder soos wat hy ouer word. Ander veranderings vind weer plaas by die leerder weens ervaring wat hy opdoen en waarna as leer verwys word.

### 2.2.1 Vorme van leer

Die leerder bestaan nie in 'n vakuum nie, maar wel in 'n omgewing wat hom beïnvloed. Deur hierdie kontak en invloede leer die leerder om te funksioneer. Meyer (in Louw, van Ede & Louw, 1998:8-9) onderskei tussen verskeie vorme van leer:

- Die eenvoudigste vorm van leer is deur *assosiasie* of *klassieke kondisionering*. Hierdie is die proses waardeur 'n gedragsvorm waaroor die leerder reeds beskik, aan 'n nuwe stimulus gekoppel word. Hierdie leervorm speel 'n belangrike rol by die aanleer van taal, veral by die aanleer van name vir voorwerpe en handelinge.
- 'n Ander eenvoudige wyse van leer is *instrumentele* of *operante kondisionering*. Hierdeur word nuwe response wat die leerder toevallig

voortbring, aangeleer wanneer hulle versterk word, dit wil sê wanneer hulle die een of ander behoeftte suksesvol bevredig.

- Leer vind ook plaas deur *waarneming* en *nabootsing* van ander individue.
- 'n Verdere wyse waarop leer plaasvind, is deur die *oordrag van inligting* by wyse van taal of ander kommunikasiemiddelle.

Die leerder leer gedrag, idees en houdinge vanuit sy omgewing aan. Hierdie leerervarings beïnvloed hoe hy homself beleef en vergelyk met sy omgewing. Hy leer m.a.w. of hy aanvaarbaar en suksesvol is en dit het betrekking op sy selfbeeld. Sy algehele ontwikkeling speel 'n verdere rol in sy vergelyking met sy omgewing en dus sy selfbeeldvorming.


### 2.2.2 Terreine van ontwikkeling

Wanneer daar na die ontwikkeling van die leerder as 'n geheel gekyk word, is dit belangrik om die onderskeie terreine van ontwikkeling in ag te neem. Veranderinge in enige van hierdie terreine het 'n invloed op ander terreine, sowel as op die mens as holistiese organisme. Die betrokke terreine van ontwikkeling is:

- *Liggaamlike ontwikkeling* wat toename in die grootte van die liggaam en die organe insluit, asook veranderinge in die interne struktuur en funksionering van die liggaam. Ontwikkeling van die leerder se sentrale senuweestelsel en sintuie hang ten nouste saam met sy waarneming en kognitiewe funksionering.
- *Kognitiewe ontwikkeling* wat verwys na die ontplooiing en verfyning van kognitiewe prosesse; die wyses waarop die leerder inligting versamel, dit in kennis verander en die bering, herwinning en gebruik daarvan om sy gedrag te rig.
- *Persoonlikheidsontwikkeling* wat die ontwikkeling insluit van eienskappe wat die leerder se gedrag bepaal soos kognisie, waardes, houdings, gewoontes, emosies, vooroordele en doelstellings.

- *Sosiale ontwikkeling* wat in die breë te make het met die veranderinge in die leerder se interaksie en verhoudings met ander mense. Die leerder leer om te sosialiseer deurdat hy sosiaal aanvaarbare gedrag aanleer deur middel van sosiale interaksie met ander. Ontwikkeling van morele waardes speel 'n belangrike rol en behels die leerder se beskouinge oor wat reg en verkeerd is (Meyer in Louw, van Ede & Louw, 1998:10-12).

In die volgende diagram word saamgevat hoe bogenoemde terreine van ontwikkeling, soos toegelig uit Meyer (in Louw, van Ede en Louw, 1998:8-12) die leerder as sulks vorm en dus 'n bydrae tot sy selfbeeld maak:



Figuur 1: Die vorming van die leerder en sy selfbeeld deur die onderskeie terreine van ontwikkeling (eie voorstelling).

Die leerder se algehele ontwikkeling en die manier waarop hy inligting vanuit sy omgewing versamel en waarop hy leer, bepaal wie hy as mens is. Al hierdie invloede vorm dus deel van sy algehele selfbeeldvorming.

## 2.3 VORMING VAN DIE SELFBEELD

Reeds vroeg in die leerder se lewe begin hy om 'n siening van homself as mens te vorm. Deur middel van interaksies met ander individue – aan die begin sy gesinslede en dan soos sy interaksies uitbrei, mense buite gesinsverband – versamel hy inligting oor homself. Reg deur die leerder se lewe sal sy interaksies voortdurend sy siening van homself beïnvloed en verander.

### 2.3.1 Die verband tussen selfbeeld en selfkonsep.

Die kern van beide selfbeeld en selfkonsep is die woord *self*. Baron en Byrne (2000:160) verduidelik die *self* as 'n raamwerk wat bepaal hoe die leerder informasie oor homself prosesseer, insluitende sy motiewe, emosionele toestande, self-evaluasies en vaardighede. Die *self* is daardie deel van die leerder waarvan hy voortdurend bewus is en wat in twee dele verdeel kan word, nl. 'n subjektiewe *self* en 'n objektiewe *self*. Die subjektiewe *self* is die "ek", wat gesien kan word as die geestelike stuurkrag van handelinge. Hierdie *self* is subjektief omdat die leerder dit nie fisies kan waarneem nie. Die objektiewe *self* is die "my" en kan vergelyk word met die fisiese persoon wat die objek van ondervindinge is (Josling, 2000:14).

Verder kan die *self* ook verdeel word in 'n ideale *self* en 'n ware *self*. Viljoen (1997:168-169) verduidelik dat die ideale *self* ontstaan as gevolg van 'n gevoel van minderwaardigheid. Die strewe na 'n ideale *self* is iets wat veral in ons kultuur van kompetisie en prestasie voorkom en wat aanleiding kan gee tot angs. In 'n poging om die angs te hanteer en te kompenseer vir die gevoel van minderwaardigheid, skep die leerder op 'n onbewustelikevlak 'n ideale *self* wat oor onbeperkte mag en potensialiteit beskik. Die ideale *self* is m.a.w. die leerder se voorstelling van wie hy graag wil wees. Die ware *self* daarenteen kom navore wanneer die leerder gestroop is van al die tegnieke wat hy ontwikkel om basiese angs te hanteer en konflik op te los. Die ware *self* is dus soos die

leerder homself werklik beleef, sonder enige skanse of pretensies. Rogers, volgens Moore (1997a:491) meen dat in 'n psigies-gesonde leerder die ideale self min of meer realisties, bereikbaar en in ooreenstemming met die ware self is.

Noudat daar duidelikheid oor die verband tussen selfbeeld en selfkonsep verkry is, gaan hierdie konsepte vervolgens verduidelik word om hulle van mekaar te onderskei.

Kortlik is daar 'n eenvoudige verduideliking vir die verskil tussen selfbeeld en selfkonsep, nl. 'n kognitiewe en affektiewe verskil (Pretorius, 1988:41). Selfkonsep is die kognitiewe deel van die self en behels wie die leerder dink hy is, terwyl selfbeeld die affektiewe self is wat die gevoel omtrent homself insluit. In 'n meer komplekse verduideliking sien dit soos volg daarna uit:

### 2.3.2 Die selfkonsep

Die selfkonsep kan verduidelik word as 'n leerder se self-identiteit, 'n skema wat bestaan uit 'n georganiseerde versameling van sieninge en gevoelens oor homself (Baron & Byrne, 2000:160). Moore (1997a:490) verduidelik die selfkonsep volgens Rogers as: "n Georganiseerde, konstante konseptuele *Gestalt* wat bestaan uit waarnemings van die eienskappe van die "ek" of "my" in verhouding tot ander en verskeie aspekte van die lewe, tesame met die waardes wat aan hierdie waarnemings geheg word." Die selfkonsep kan dus gesien word as die 'prentjie' wat 'n leerder van homself het en wat gevorm word uit alles wat hy ervaar, nl. gebeure uit die verlede, huidige ervarings en toekomsverwagtinge.

Uit die bogenoemde definisies wil dit voorkom of die leerder se selfkonsep dieselfde bly oor tyd heen, maar tog verander dit soos hy as organisme verander en groei. Markus en Narius (in Baron & Byrne, 2000:167) meen dat 'n leerder se selfkonsep op enige gegewe tydstip slegs 'n werkende selfkonsep is, iets wat

oop is vir verandering in reaksie tot nuwe ervarings en terugvoer. Allport (in Meyer, 1997:442) ondersteun hierdie siening en meen dat opinies verander en dat dit wat in die kinderjare en adolessensie van sentrale belang is, mettertyd in belangrikheid afneem sodat die volwassene se selfkonsep hoofsaaklik op sy eie ervaring en oordeel gegrond is. Die selfkonsep is dus dinamies in die sin dat dit oor tyd en situasies heen kan verander.

Selfkonsep is die kognitiewebeeld wat 'n leerder van homself het en wat gevorm word uit alles wat hy ervaar, nl. gebeure uit die verlede, huidige ervarings en toekomsverwagtinge.

### 2.3.3 Die selfbeeld

Net soos die selfkonsep, is die selfbeeld ook dinamies van aard en kan dit verander. Soos reeds genoem, is die selfkonsep 'n kognitiewebeeld van die leerder self en kan hy sy selfkonsep beskryf aan die hand van verskeie beelde nl. ekstrovert/introvert, presteerder/sukkelaar, behulpsaam/onbehulpsaam. Die leerder se selfbeeld is weer 'n affektiewe evaluasie, en m.a.w. 'n houding ten opsigte van homself – dit behels 'n evalusie van homself op 'n skaal van 1 tot 10.

Die leerder se selfbeeld is hoe hy homself evaluateer of sien. Dit behels wie hy dink hy is en waartoe hy dink hy in staat is. Hierdie evaluasie van homself en sy vermoë kan geplaas word op 'n positiewe – negatiewe kontinuum. Waar 'n positiewe selfbeeld bestaan uit die siening dat die leerder bekwaam en aanvaarbaar is, bestaan 'n negatiewe selfbeeld uit die siening dat hy 'n mislukking en ongewens is. Die leerder het dikwels meer as een siening van homself. Hy kan homself byvoorbeeld sien as bekwaam in wiskundige vaardighede, maar 'n mislukking in sosiale omstandighede. Al hierdie verskillende evaluasies dra dan by tot 'n oorsig van homself as organisme. Die leerder wat homself in verskeie areas as bekwaam ervaar en net in een of twee as minder bekwaam, het op die einde van die dag 'n positiever selfbeeld as 'n

ander leerder wat homself in verskeie areas as 'n mislukking sien (sien Figuur 2). Harter (in Sternberg 1998:429) sluit aan hierby en meen dat die leerder se selfbeeld meer gedifferensieerd word oor ontwikkeling heen: "As we explore our abilities and learn more skills, our self-esteem also becomes more differentiated – we may think highly of ourselves in one area, but not in another."


Die leerder wat homself negatief evalueer rakende sy akademiese bekwaamheid sowel as sy portuurgroep se aanvaarding, kan moontlik 'n algehele swak selfbeeld hê. Diè toedrag van sake kan skematisies saamgevat word en word in Figuur 2 voorgestel.

In hierdie verband is dit belangrik om te weet wat die verskillende areas is waarin die leerder homself evalueer. Volgens Harter (in Sternberg 1998:429) se differensiasiehypotese maak leerders tussen die ouderdomme van 4 en 7 jaar evaluasies van hulself in die volgende vier areas:

- Kognitiewe bekwaamheid
- Fisiese bekwaamheid
- Sosiale bekwaamheid
- Gedragsbeheer

Tussen die ouderdomme van agt en 12 jaar word die selfbeeld verder gedifferensieer in vyf areas waarin evaluasies plaasvind:

- Akademiese (nie-kognitiewe) bekwaamheid
- Atletiese bekwaamheid
- Sosiale portuurgroepaanvaarding
- Gedragsbeheer
- Fisiese voorkoms



Figuur 2: Negatiewe evaluasies in verskeie areas kan bydra tot 'n negatiewe selfbeeld (eie voorstelling).

Soos reeds genoem, word die selfbeeld gevorm deur evaluasie – self-evaluasie en evaluasie van interaksie met ander (of sosiale vergelyking). Hierdie self-evaluasie word volgens Baron en Byrne (2000:171) gedeeltelik gebaseer op die opinies van ander en gedeeltelik op spesifieke ervarings. Humphreys (1996:2) sluit hierby aan deur te verduidelik dat daar twee dimensies van selfbeeld is: die *gevoel dat die leerder lief gehê kan word* en die *gevoel dat hy bekwaam is*. Van Hemert, in Josling (2000:28) maan dat hierdie evaluering nie altyd logies geskied nie en gegrond is op gevoelens. Volgens hom word 'n negatiewe selfbeeld gevorm deur oormatige negatiewe kritiek, doemprofeetuitsprake en onrealistiese

vergelykings met ander persone wat 'n gevoel laat ontstaan dat jy nie aanvaar word vir wat jy is nie.

Selfbeeld is 'n affektiewe gevoel of houding wat 'n leerder omtrent homself vorm deurdat hy self-evaluasies maak oor sy bekwaamheid in sekere vaardighede asook deur sosiale vergelyking.

Noudat daar sekerheid verkry is oor wat die selfbeeld behels, is dit nodig om ondersoek in te stel na faktore wat die ontwikkeling van die selfbeeld beïnvloed.

## 2.4. FAKTORE WAT BYDRA TOT DIE ONTWIKKELING VAN DIE SELFBEELD

Daar is reeds in hierdie hoofstuk genoem dat die leerder se ontwikkeling en ook sy insameling van inligting rakende sy omgewing en homself, 'n invloed op sy selfbeeld kan hê. Vervolgens gaan die faktore vanuit sy omgewing en vanuit homself as organisme wat sy selfbeeld verder bepaal of beïnvloed, ondersoek word. Die faktore wat beskryf word is sy primêre versorger nl. sy ouers, die leerder se behoeftes en die skool en opvoeder.

### 2.4.1 Die primêre versorger


Die leerder se gevoel of houding omtrent homself begin reeds as baba vorm tydens sy interaksie met sy versorger: "It has been noted that a sense of security with an attachment figure seems to instill the positive self image in which a person feels good about herself in relationships" (Youniss & O'Donnell in Josling, 2000:29). Die leerder se ouer as primêre versorger het dus 'n invloed op die leerder se self-evaluasie en gevvolglik sy selfbeeld. Die ouer se betrokkenheid by die leerder, sy aanvaarding van die leerder en die ouerskapstyl wat toegepas word, dra alles by tot die leerder se ervaring van homself en sy uiteindelike self-

evaluasie. Wanneer daar goeie kommunikasie tussen ouer en leerder is en die ouer sy kind onvoorwaardelik aanvaar, kry die leerder die boodskap dat hy aanvaarbaar is. ‘n Ouerskapstyl wat selfstandigheid, respek, liefde en aanvaarding onderskraag, skep dan geleentheid vir positiewe self-evaluasies deur die leerder.

Sodanige ouerskapstyl is egter dikwels nie die geval nie. Volgens Humphreys (1996:ix) wys navorsing dat “...most children who are troubled and have learning difficulties within classrooms come from problematic home situations and have self-esteem difficulties.” Hierdie leerder se ouers het dikwels ook leergestremdhede en ervaar probleme wat daarmee gepaard gaan, nl. swak sosialiseringvaardighede en selfbeeldprobleme. Daar kan aanvaar word dat dit vir hierdie ouer moeilik sal wees om die leerder voldoende te ondersteun en sodoende ‘n aandeel in die bou van ‘n positiewe selfbeeld te hê.

#### 2.4.2 Die leerder se behoeftes

Verder is dit nodig dat die ouer ook in die leerder se behoeftes voorsien. Die behoeftes van die leerder word in Figuur 3 grafies voorgestel waarna dit beskryf word.



Figuur 3: Maslow se hiërargie van behoeftes (Maslow in Moore, 1997b:461).

Hierdie behoeftes is in stygende orde soos volg beskryf deur Maslow (in Moore, 1997b:461-465):

- *Fisiologiese behoeftes* het te maken met oorlewing en sluit honger, dors, slaap en sensoriese stimulasie in. Hierdie is die leerder se mees basiese behoeftes en wanneer dit nie vervul word nie, oorheers dit alle ander behoeftes.
- *Veiligheidsbehoeftes* sluit in sekuriteit, stabilitet, beskerming, struktuur, grense en 'n gebrek aan angs. Maslow meen dat die leerder veilig voel in 'n omgewing waar daar 'n soort struktuur bestaan, waar grense en perke gestel word en waar 'n vaste patroon geld.
- *Behoefte aan affiliasie en liefde* verwys na die leerder se behoeftes om te behoort en om liefde te ontvang en te gee. As hierdie behoeftes nie vervul word nie, dra dit by tot 'n negatiewe self-evaluasie omdat die leerder dit kan interpreteer dat hy nie goed genoeg is om liefgehou te word nie.
- *Behoefte aan selfagting* verwys na die leerder se behoeftes om homself positief te evalueer. Hierdie behoeftes hou verband met die leerder se selfbeeld aangesien selfagting gevorm word deur evaluasies van jou eie vaardighede en terugvoer van ander. Wanneer die leerder homself negatief ag, is die behoeftes nie bevredig nie en kan hy nie aanbeweeg na die volgende behoeftevlak nie.
- *Behoefte aan selfaktualisering* verwys na die begeerte om alles te wees waartoe die leerder in staat is, dit wil sê om ten volle gebruik te maak van al sy vermoëns, talente en potensiaal. Daar kan aanvaar word dat die leerder met 'n negatiewe selfbeeld nie hierdie behoeftes kan bevredig nie, aangesien negatiewe gevoelens die leerder se motivering en geloof in homself beïnvloed.

Wanneer die leerder se basiese behoeftes nie bevredig word nie, hetsy deur homself of sy ouers as primêre versorgers, ontstaan daar 'n gevoel van mislukking en minderwaardigheid. Hamachek, in Josling (2000:32) wys daarop dat gevoelens van minderwaardigheid die selfbeeld aftakel en die gevolg is van

te veel mislukkings wat tot frustrasie lei. Bevrediging van behoeftes gee egter aan die leerder die boodskap dat hy suksesvol is en aanvaar word en dit dra by tot positiewe self-evaluasies en uiteindelik 'n positiewe selfbeeld.

Nog 'n faktor wat die leerder se self-evaluasies en dus selfbeeld positief of negatief kan beïnvloed, is die leerder se skool-ervaring en sy opvoeder.

#### 2.4.3 Die skool en die opvoeder

Die grootste gedeelte van die leerder se lewe bestaan uit skoolbywoning. Daar kan dus aanvaar word dat hierdie instansie en sy rolspelers 'n groot invloed sal hê op die leerder se ervaringsveld. Humphreys (1996:ix) meen dat leerders se selfbeeld sentraal is tot hulle opvoekundige ontwikkeling. Die grootste rolspeler hier sal dan die leerder se opvoeder wees. Josling (2000:35) meen dat die rol wat die opvoeder speel van groot belang is by die vorming van die leerder se selfbeeld. Sy verduidelik dat die manier waarop die opvoeder terugvoer gee en die verwagtinge wat die opvoeder aan die leerder stel, 'n belangrike rol speel.

Humphreys (1996:2) meen ook dat opvoeders met 'n hoë selfbeeld kan bydra tot 'n hoë selfbeeld in hulle leerders, maar dat die teenoorgestelde ook waar is. Verder het die leerder se akademiese prestasie ook 'n noemenswaardige invloed op sy self-evaluasie. Die terugvoer wat die leerder kry, beïnvloed sy self-evaluasie van sy vaardighede. 'n Leerder wat gereeld mislukking op akademiese gebied ervaar, begin twyfel in sy eie vaardighede en kan homself dan as 'n mislukking evaluateer, wat ernstige gevolge vir sy selfbeeld het. Humphreys (1996:4) waarsku dat die leerder kan onttrek van akademiese of ander aktiwiteite om so vernedering en verwerping vry te spring. Hierdie leerder word dan as "lui" of "dom" etiketteer. Naudé (in Josling, 2000:34) verwys na 'n sneeubal-effek wat swak akademiese prestasie op 'n leerder se selfbeeld het:

"Swak akademiese prestasie lei daar toe dat die kind negatiewe terugvoer van betekenisvolle ander persone ontvang, dit verlaag

die selfbeeld en veroorsaak angstigheid. Die gevolg is dat die kind onttrek van sosiale situasies en dit weerhou hom van leergebeure en toepaslike rolmodelle. Die gevolg is die vermindering van sosiale vaardighede. Die kind ervaar dan weer van voor af negatiewe terugvoer in sosiale situasies en die situasie vererger”.

Uit hierdie definisie is dit duidelik dat swak akademiese prestasie aanleiding kan gee tot ‘n swak selfbeeld. ‘n Leerder wat min van sy eie vermoëns dink en homself as ‘n mislukking sien, gaan minder waagmoed en lus hê om nuwe akademiese take aan te pak. Akademiese prestasie en selfbeeld beïnvloed mekaar dan wedersyds negatief. Wanneer een van hierdie faktore verander word, kan dit ‘n uitwerking op die ander een hê.

## 2.5 ‘N ONTOEREIKENDE OF NEGATIEWE SELFBEELD.

Om ‘n positiewe selfbeeld te hê, beteken dat die leerder homself aanvaar ten spyte van die foute wat hy maak en die mislukkings wat hy ervaar. ‘n Positiewe selfbeeld is wanneer die leerder goed voel oor homself en wanneer hy glo in sy vaardighede. Die teendeel is egter waar wanneer ‘n leerder ‘n ontoereikende of negatiewe selfbeeld het. So ‘n lae selfbeeld beïnvloed die leerder se motivering, houding en gedrag. Die leerder ervaar homself as minderwaardig, as ‘n mislukking. Hy twyfel oor sy eie vaardighede en sal dikwels nuwe uitdagings vermy om die moontlikheid van mislukking te voorkom. Die leerder glo dat hy nie iets goed sal kan doen nie en leef dan volgens hierdie selfvervullende profesie (“self-fulfilling prophecy”). Volgens Humphreys (1996:1) het leerders met leergestremdhede dikwels selfbeeld-probleme en hy meen dat ‘n opheffing van die selfbeeld nodig is alvorens effektiewe akademiese ontwikkeling gevestig kan word.

Bester (2003:26) bespreek aan die hand van Rugel die volgende eienskappe van 'n individu met 'n negatiewe selfbeeld:

- 'n Leerder met 'n negatiewe selfbeeld ervaar spesifieke distorsies in terme van sy selfbeeld. Die drie hoofareas van distorsie is ten opsigte van die leerder se gevoel van eiewaarde, sy gevoel van sosiale aanvaarbaarheid en sy fisiese voorkoms.
- Die leerder met 'n negatiewe selfbeeld ervaar homself in die geheel as onwaardig.
- 'n Negatiewe selfbeeld veroorsaak dikwels dat die leerder negatiewe gebeure op homself van toepassing maak.
- Die leerder met 'n negatiewe selfbeeld verwerp enige positiewe inligting wat op hom betrekking het. So byvoorbeeld sal hierdie persoon nie geredelik 'n kompliment van 'n ander persoon aanvaar nie en sal hy dit nie glo nie.
- Oorafhanklikheid van verhoudings asook sterk perfeksionistiese trekke ten opsigte van prestasie word dikwels by die leerder met 'n negatiewe selfbeeld waargeneem.
- Sterk selfverdedigingsmeganismes is kenmerkend van die persoon met 'n negatiewe selfbeeld. Hierdie leerder poog om homself te beskerm teen die verlies van sy selfbeeld en maak dus van oormatige verdedigingsmeganismes gebruik.
- Die leerder met 'n negatiewe selfbeeld het dikwels 'n vermydende persoonlikheid en vind dit moeilik om selfgeldend op te tree.


Alle leerders ervaar soms mislukkings en negatiewe sosiale terugvoer. Tog beteken dit nie dat almal 'n negatiewe selfbeeld ontwikkel nie. Volgens Josling (2000:20) het die leerder soms 'n realistiese negatiewe beeld van homself. Wanneer 'n leerder byvoorbeeld 'n graad druiп voel hy op *daardie stadium* 'n mislukking. Sy negatiewe gevoelens is dus realisties en bestaan vir daardie beperkte tydperk. Sodra hy weer positiewe terugvoer kry en prestasie ervaar, verander daardie beeld wat die leerder van homself het. Josling (2000:20) maan

dat wanneer hierdie ervaring egter by die negatiewe vashaak, dit die leerder in sy ontwikkeling kan strem.

### 2.5.1 Selfbeeld en leergestremdheid

Leergestremdheid is 'n moeilik definieerbare term. Die probleem van leergestremdheid is al vroeg in die 1900's waargeneem maar die definisie daarvan het mettertyd verander om die spesifieke behoeftes van die betrokke historiese periode te pas.

Leergestremdheid is verder 'n komplekse fenomeen wat oor verskeie dissiplines heen strek. Dit het daartoe bygedra dat verskeie konseptualiseringen en definisies rondom die term ontstaan het. Bender (1998:6-17) het die verwikkelinge soos volg gesistematiseer:



Figuur 4: Teoretiese perspektiewe-tydlyn van leergestremdheid (Bender, 1998:7)

Sy het voorts die verskillende teorieë soos volg beskryf:

- Neurologiese teorie:

Neurologiese teoretici was die eerste om voor te stel dat leerders met leergestremdhede hemisferiese spesialisering vir taal op 'n later stadium

ontwikkel. Hierdie agterstand is geglo om taal en leesprobleme te veroorsaak.

- Taal-tekort teorie:

Volgens hierdie teoretici is leerders met leergestremdheid geïdentifiseer wanneer hulle onvolledige taalontwikkeling, die verkeerde gebruik van grammatika en ander taalprobleme getoon het.

- Perseptuele-motoriese teorie:

Leergestremdheid is gesien as 'n probleem met verswakte persepsie en vertraagde motoriese ontwikkeling.

- Gedragsteorie:

Dit staan ook bekend as die vaardigheidstekort-perspektief aangesien daar geglo is dat die leerder 'n probleem het met die basiese akademiese vaardighede van die skoolkurrikulum wat in spesiale opvoedingsklasse aandag moet geniet.

- Metakognitiewe-teorie:

In dié geval word van die standpunt uitgegaan dat leerders met leergestremdhede as gevolg van verskeie kognitiewe en emosionele redes nie die tipe strategieë kan ontwikkel wat nodig is vir die leertaak nie.

- Konstruktivisme:

Nuwe konsepte word gekonstrueer op grond van vroeër geleerde konsepte. Die implikasie hiervan op leergestremdhede is volgens die skrywer nie duidelik nie.

- Meervoudige intelligensie-teorie:

Teoretici in hierdie kategorie is van mening dat intelligensie meervoudig is en dat verskeie vaardighede in vele areas binne mekaar bestaan. Hulle meen dat die term ontwikkelingswanbalans verwys na leerders met leergestremdhede waar hulle normaal mag funksioneer in een area, maar probleme mag ervaar in ander areas.

Uit die voorafgaande beskrywing is dit duidelik dat die term leergestremdheid oor die jare heen al baie aandag geniet het. Alhoewel daar nog nie konsensus

tussen die verskeie dissiplines oor die definisie van leergestremdheid bereik is nie, word daar oor die algemeen van verskille-kriteria gebruik gemaak om hierdie term te verduidelik. Daar moet m.a.w. 'n verskil wees tussen die leerder se vaardigheid en prestasie. Bender (1998:35) verduidelik dat "...these discrepancy criteria are used to indicate a substantial difference between intelligence, as measured on standardized IQ assessments, and achievement in a number of academic subject areas." Leergestremdheid word tans volgens hierdie metode in Suid-Afrika geïdentifiseer.

Noudat 'n ontoereikende of negatiewe selfbeeld beskryf is, word aandag geskenk aan die profiel van 'n leergestremde leerder. Leergestremdheid word gesien as "A disorder that affects peoples' ability to either interpret what they see and hear or to link information from different parts of the brain" (ABC's of LD/AT/HV, 2005). Die bron verduidelik verder dat hierdie probleme manifisteer as spesifieke probleme met gesproke en geskrewe taal, koördinasie, selfbeheer en aandag. Die probleme belemmer dus die leerder se skoolwerk in terme van lees, skryf en wiskundige werk. Dit is ook nodig om te noem dat daar 'n verwantskap is tussen leergestremdheid en Aandagtekort/Hiperaktiwiteitsversteuring (AT/HV). Barkley (in Bender, 1998:74) meen dat tot so veel as 26% van leerders met AT/HV ook 'n leergestremdheid het. Hierdie twee versteurings oorvleuel mekaar in die sin dat 'n tekort aan aandag 'n eienskap van beide is. Met beide AT/HV en leergestremdheid word die leerder blootgestel aan negatiewe terugvoer en mislukkings.

Bender (1998:100) verwys in dié verband na haar navorsing wat gedoen is om te bepaal hoe leergestremde leerders hulle self ervaar en evaluateer. Haar bevinding was dat leerders met leergestremdhede in daardie studie hulle skoolstatus en vaardighede meer negatief ge-evalueer het as leerders sonder leergestremdhede. Cooper en Bilton (1999:26) meen dat leergestremde leerders geneig is om negatiewe etikette na hulle toe aan te trek en dat dit 'n verwoestende effek op hulle selfbeeld het. Gross (1997) sluit hierby aan en

meen dat leerders met leergestremdhede meer geneig is daartoe om tekens van depressie te toon, en in besonder geneig is tot 'n gevoel van lae eiewaarde. Volgens hom wil dit voorkom of 'n laer selfbeeld die gevolg is van die leerder se wisselvallige en dwarstrekkerige pogings tot leer en die bemeestering van akademiese vaardighede:

"Children with learning disabilities experience frustration and episodic failure in learning activities. This kind of chronic disappointment can translate psychologically into a generalized sense of diminished value and potential, where childrens' inner sense of adequacy is seriously compromised."

Daar kan egter nie net bloot aanvaar word dat die leergestremde leerder 'n negatiewe selfbeeld het nie. Bender (1997:100) beaam hierdie stelling deur te sê dat leerders met leergestremdhede verskeie situasies het waarin hulle voel hulle kan die vereistes van die situasie doeltreffend hanteer. Volgens haar voel hulle egter dikwels nie in staat om die akademiese take waarmee hulle in die skool gekonfronteer word, doeltreffend te hanteer nie. Of hierdie negatiewe gevoelens alle ander self-evaluasies gaan oorheers, sal bepaal of die leerder 'n negatiewe selfbeeld sal ontwikkel. As hy homself in meer as een veld as ontoereikend ervaar – nl. in die meeste akademiese vaardighede asook in sosiale vaardighede – bestaan die kans dat hy 'n totale negatiewe selfbeeld sal ontwikkel.

Wanneer 'n leerder 'n negatiewe selfbeeld ontwikkel het, beteken dit nie dat hy vir die res van sy lewe 'n negatiewe selfbeeld behoort te hê nie. Soos reeds genoem, is die selfbeeld dinamies en kan dit verander.

## 2.5.2 'n Positiewe verandering van 'n negatiewe selfbeeld

Leerders se gevoelens rakende hulle eiewaarde hou nou verband met hulle akademiese en sosiale sukses. Wanneer hulle dan mislukkings in hierdie areas ervaar, kan dit aanleiding gee tot 'n negatiewe selfbeeld. Alhoewel akademiese sukses nie oornag bereik kan word nie, veral nie met leerders wat probleme op hierdie gebied ervaar nie, kan verskeie eenvoudige beginsels toegepas word om 'n positiewe verandering te weeg te bring. Die volgende riglyne kan positiewe gevoelens by die leerder laat ontstaan (vergelyk Josling, 2000:60-61; *Tips for developing healthy self-esteem in your child*, 2005):

- Laat die leerder spesiaal en gewaardeer voel. Leerders wat hoopvol is kan meer negatiewe ervarings weerstaan wanneer ten minste een volwassene hulle bystaan en spesiaal laat voel.
- Prys leerders wanneer hulle volgens hulle eie vermoë beter presteer het.
- Vermy dit om leerders met mekaar te vergelyk.
- Help die leerder om probleemoplossings- en besluitnemingsvaardighede te ontwikkel. 'n Positiewe selfbeeld word geassosieer met sterk probleemoplossingsvaardighede.
- Vermy aanmerkings wat veroordelend is en formuleer dit eerder in positiewe terme
- Wees empaties.
- Lig die leerder se sterk punte uit.
- Vermy negatiewe etikette.
- Gee geleenthede vir die leerder om prestasie te ervaar of om ander te help. Dit sal daar toe bydra dat die leerder homself beter ag.
- Rolspeel situasies wat die leerder moeilik hanteer.

Hierdie riglyne kan deur ouers en opvoeders sowel as terapeute toegepas word.

## 2.6 SAMEVATTING

Die leerder word beïnvloed deur, en leer vanuit sy omgewing. Deur sy interaksies met die omgewing en die terugvoer wat hy ontvang vanuit sy omgewing maak hy self-evaluasies van sy funksionering as mens. Hierdie self-evaluasies kan positief of negatief van aard wees en beïnvloed sy selfbeeldvorming. In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die begrippe self, selfkonsep en selfbeeld. Ondersoek is ingestel na die vorming van die selfbeeld en daar is verwys na die faktore wat dit beïnvloed, asook hoe die selfbeeld positief of negatief gevorm word.

Die term leergestremdheid is ondersoek en daar is spesifiek gekyk na die leergestremde leerder se selfbeeld. Uit die literatuur het dit duidelik geword dat die leergestremde leerder dikwels 'n negatiewe selfbeeld ontwikkel weens die herhaalde mislukkings waaraan hy blootgestel word. Selfbeeld is egter 'n dinamiese fenomeen wat beteken dat dit kan verander. Riglyne vir die positiewe verandering van die leergestremde leerder se moontlik negatiewe selfbeeld is voorts beskryf.

In hoofstuk drie sal daar gefokus word op 'n terapeutiese benadering wat ingespan kan word om 'n moontlike positiewe effek op die selfbeeld van die leergestremde leerder te hê, nl. *Gestaltspelterapie*. Daar sal na die onderskeie beginsels, tegnieke en prosesse van *Gestaltspelterapie* verwys word.